CHRISTELIK CHRISTIAN
INCLUSIVE INKLUSIEF
TOEGANKLIK APPROACHABLE
BALANCE BALANS

LAERSKOOL MIDSTREAM RIDGE PRIMARY EXCELLENTIA

# Uit die Hoof se Kantoor

## Genade so groot – dra die guns Voort!

Liewe Ouers van Laerskool Midstream Ridge Primary

Na 'n halfeeu vol herinnering besef ek net, om só 'n mylpaal te kan beleef is net genade.
Ek gee al die eer aan God!

Baie dankie vir al die groot bederf van elke graad – die heerlike koffie, koekies, sjokolade en soveel meer. Julle sorg en vrygewigheid het my groot dag uitsonderlik gemaak en ek waardeer elke gebaar van liefde en ondersteuning.

Ek is besonder geroer deur die ongelooflike boodskappe van die kinders, al die drukkies en die mooi wense. Die persoonlike briewe van die kinders het my hart diep geraak en wys net weer die opregtheid van ons kinders se harte. Die opsmuk van my kantoor was seker die grootste verrassing – ek was heeltemal oorrompel en dit sal ek nie gou vergeet nie.

Julle ware omgee-harte as ouers is duidelik sigbaar in alles wat julle vir die skool doen. Hierdie samewerking en betrokkenheid bemoedig my om voort te gaan om positief tot die groei en welstand van Laerskool Midstream Ridge Primary by te dra. Is dit nie ons plig as leiers om die genade wat ons Vader ons geskenk het, aan ons kinders oor te dra nie? Daarom my boodskap vir vandag – dra die guns voort. (*Pay it forward*)

Saam kan ons die waarde van deernis, diensbaarheid en geloof verder uitleef en deurgee.

Dankie weereens vir julle vriendelikheid, ondersteuning en die manier waarop julle my 50ste verjaarsdag so spesiaal gemaak het. Ek waardeer elkeen van julle en sien daarna uit om saam aan 'n liefdevolle en bedagsame skoolgemeenskap verder te bou.

Met opregte dank

**NICO LOGGENBERG**
**SKOOLHOOF**



**Bly positief in elke situasie!**

# MNR LOGGENBERG WORD 50!









Dankie ***Centurion Ice Cream*** vir die lipleklekker-roomyskoek om Mnr. Loggenberg se dag spesiaal te maak!











# LOGISTIEKE REËLINGS

### 1 AFLAAI EN OPTEL VAN LEERDERS

Gebruik asb. slegs **hek 2 en 3** vir die aflaai en optel van leerders (voor en na skool).
Hek 1 en hek 4 is **slegs** vir die gebruik van personeel en motors en nie vir voetgangers nie.
Dit verseker die veiligheid van die leerders en maak die ingang en uitgang van die skool meer gestruktureerd.
U samewerking word opreg waardeer om ons kinders se veiligheid te verseker.

### 2 LEERDERS WAT VROEG AFGEHAAL MOET WORD

Ouers moet asseblief 24 uur-kennis aan registeronderwysers **EN aan Vera per e-pos gee: verav@lmrp.co.za**. Maak asb. ook seker dat u kind van die reëling bewus is. Slegs noodafsprake sal spesiale vergunning op kort kennisgewing geniet.

### 3 AFLAAI-ITEMS

Net 'n vriendelike herinnering dat geen items vir leerders meer by ontvangs afgelaai mag word nie. Ongelukkig word personeel en leerders tydens akademiese tyd onderbreek en ontwrig wanneer leerders opgespoor moet word. U samwewerking in dié verband word opreg waardeer.

## RIDGE KLASTORIE-AAND 2026!

Die Ridge Klastorie-aand vind op Maandag 23 Maart vanaf 16:30-20:00 plaas. Die luisteraars kom in die saal bymekaar met 'n "sitkussing", kombers en 'n PIEKNIEKMANDJIE. (Geen teddiebere of speelgoed nie, asseblief.) Daar sal 'n pouse wees waartydens leerders versnaperinge uit hul piekniekmandjie kan geniet.
Die tema vir hierdie jaar is JUMANJI!

Let wel: Dié aand is SLEGS vir graad 4 tot graad 7-leerders. Ons kan ongelukkig nie boeties en sussies akkommodeer nie. Die koste verbonde aan die aand beloop R150-00 per leerder. Die bedrag sal teen die einde van April van u rekening verhaal word.

Ons versoek u vriendelik om nie later nie as Vrydag 13 Maart die skeurstrokie te voltooi en na u kind se Afrikaansonderwyser(es) terug te stuur. Aangesien alle beplanning reeds voor die aand geskied, kan ons ongelukkig geen laat inskrywings aanvaar nie.

Kontakpersoon: Me. T. Smith twanis@lmrp.co.za

Die storie-aand vir Engelssprekende leerders sal op 22 Junie 2026 plaasvind.

# INLIGTING

**Volg asb. die skakel om jou plek te bespreek!**












# BAIE GELUK!




## Baie geluk aan die wenners van ons Valentynsdag-trekking!


Nina Meyer (7 A1)


Reuben de Vos (3 A2)

# INLIGTING

## BIBLIOTEEK NUUSBRIEF



Volg asb. die onderstaande skakel om jou **Clubstream langmou-trui** te bestel.

## Ridge Boekwinkel

**Kontakbesonderhede**

Neem kennis ons kontakbesonderhede verander na:

**076 483 2593**

(WhatsApp & Oproepe)

## MANDELADAG-UITREIKPROJEK

Ter voorbereiding van ons jaarlikse uitreik-projek, Mandeladag, wat in Julie plaasvind, benodig ons asseblief leë skoenbokse. Meer inligting rakende dié projek sal binnekort deurgegee word.



## MC GRAAD 8-INSKRYWINGS (2027)

Graad 8-inskrywings vir 2027 is vanaf 19 Januarie tot 28 April 2026 oop. Indien u, u kind by Midstream College wil inskryf, moet u asseblief aanlyn aansoek doen. Besoek die Midstream College-webblad vir al die nodige instruksies en die aanlyn-toelatingsvorm.

https://www.midstreamcollege.co.za/af/toelatings/

Vir enige toelatingsnavrae, kontak **me. Anique van Zyl**. (admissions@midstreamcollege.co.za)

## LMRP GRAAD 1-INSKRYWINGS (2027)

Dit is vir ons aangenaam om u in kennis te stel dat aansoeke vir graad 1 (2027) nou oop is. Ons moedig alle belangstellende ouers aan om hul aansoeke in te dien. Deur betyds aansoek te doen, help u om enige administratiewe prosedures en voorbereidings betyds af te handel, wat die proses vir u en u kind gemakliker maak. Om aansoek te doen, besoek asseblief LMRP TOELATINGS vir gedetailleerde inligting en instruksies om die aanlyn aansoek te voltooi. Vir enige navrae of hulp met die aansoekproses, kontak asseblief vir **Corrie Burger** in die toelatingskantoor by corrieb@lmrp.co.za of 012 9409122.








## Donkie-Derby Kleure 2026

Graad 1 – Swart

Graad 2 – Wit

Graad 3 – Geel

Graad 4 – Groen

Graad 5 – Rooi

Graad 6 – Blou

Graad 7 – Oranje





# BELANGRIKE SKOOLSKAKELS

| | | |
|---|---|---|
| **Kalender** | | Die algemene skoolkalender vir die jaar - dit word met elke nuusbrief opgedateer. |
| **Sportkalender** | | Die sportkalender is "lewendig" en word dus daagliks aangepas. Dit kan in die *DOCUMENTS FOLDER* in die Edana-toepassing gevind word. |
| **Nasorgsentrum** | @RakkerCare | Hoe om u kind by die nasorgsentrum in te skryf |
| **LMRP Aksie-fotos** | | Ouers is welkom, en word aangemoedig om aksie-foto's van enige skoolgeleenthede en byeenkomste aan ons d.m.v. dié skakel te stuur. |
| **Edana** | | Hoe om die toepassing af te laai en te installeer |
| | | Hoe om jou fooninstellings aan te pas om kennisgewings op jou foon te ontvang |
| ***Google Classroom*** | | Hoe om *Google Classroom* op u slimfoon af te laai en te installeer |
| | | Hoe om *Google Classroom* op u rekenaar af te laai |
| **Sosiale Media Toestemming** | | Voltooi asb. dié vorm rakende sosiale media. |
| ***Facebook*** | | Volg ons op *Facebook.* |
| ***Instagram*** | | Volg ons op *Instagram.* |
| **Opdateer van Mediese Rekords** | | Dit is baie belangrik dat ons van alle leerders opgedateerde mediese rekords hou. Pas asb. dié inligting soos nodig aan. |